



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Die eenaardige sneeuman deur Anna Emm

Een middag stap 'n dogtertjie van die skool af huis toe. Dit het gesneeu en die wêreld is wit rondom haar. By die bome hoor sy skielik iemand roep: "Psst! Dogtertjie! Kom gou hier!"

Die dogtertjie kyk verbaas om haar rond. Eers kan sy nie sien wie haar roep nie, maar dan sien sy 'n sneeuman eenkant langs 'n boom staan. "Is dit jý wat my roep?" vra sy vir die sneeuman.

"Ja," sê die sneeuman, "kom gou hier asseblief? Ek wil jou 'n gunsie vra."

Die dogtertjie gaan stadig nader. Sy het nog nooit van 'n sneeuman gehoor wat kan praat en vir gunsies vra nie!

"Wil jy nie groot asseblief my arm krap nie?" vra die sneeuman. "Dit jeuk al die hele oggend vreeslik, en ek kan dit nie bykom nie."

Die dogtertjie kyk na die sneeuman se tak-arms, en dan krap sy die linkerarm liggies.

"Bietjie harder!" sê die sneeuman. Maar o aarde! Toe die dogtertjie harder krap, val die sneeuman se arm af tot op die grond! "Ah... dis beter," sê die sneeuman nou. "Dit jeuk nie meer nie." Die dogtertjie sê maar liewer nie vir die sneeuman dat sy arm afgeval het nie.

"Nou jeuk my ander arm ook vreeslik!" roep hy skielik uit. "Ag, krap asseblief! Dis vreeslik!"

Die dogtertjie krap die sneeuman se regterarm ook, maar daar val die regterarm ook op die grond! "Dankie, nou jeuk dit nie meer nie," sê die sneeuman. Hy kan glad nie sien dat sy arms nou altwee afgeval het nie!

"My neus jeuk ook so 'n bietjie," sê hy nou, "en my kop. Krap tog gou voor jy gaan asseblief?"

Maar liewe land, toe die dogtertjie die sneeuman se ou wortelneus krap, val dit voor hom op die grond! En toe sy die sneeuman se kop krap, glip sy hoedjie van sy kop af! Nou is die sneeuman eintlik net twee groot balle sneeu langs die boom... met twee ronde ogies en 'n mond! Hy lyk glad nie meer soos 'n sneeuman nie. "Ag, baie dankie!" sê hy verlig. "Nou jeuk niks meer nie. Jy kan maar verder loop."

Die dogtertjie loer na die sneeuman. Sy wonder of sy iets moet sê. Dan groet sy maar en stap aan.

Die volgende oggend toe die dogtertjie en haar maatjies skool toe stap, sien sy die twee groot sneeuballe langs die boom. Maar dis net sý wat weet dat dit eintlik 'n sneeuman is. En dis net sý wat kan sien dat hy vir haar knipoog.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Gratis inkleurprentjie

# Die eenaardige sneeuman illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)